

Sondag 6 April

Skrifgedeelte: Lukas 18:18-30

Fokusgedeelte: Lukas 18:22 (AFR83)

Godsdienstigheid teenoor 'n ware verhouding met God

Hierdie ryk jongman wou seker wees dat hy die ewige lewe het. Volgens hom het hy nie enige wet, die vereiste volgens die Jode, oortree nie. Hy het nog onder die Joodse “misverstand” geleef dat iemand wat ryk is 'n beter kans het om die koninkryk te verdien. 'n Ryk Jood het gedink dat hy maklik die koninkryk kan bekom omdat hy bates het om goeie dade mee te doen, soos om aalmoese te gee en te betaal vir die instandhouding van die sinagoges.

Hoekom het Jesus vir die ryk jongman gesê om al sy besittings te verkoop, die geld vir armes te gee en Hom te volg? (Luk. 18:22). Versterk Jesus nie hierdeur die verkeerde doktrine dat hy die ewige lewe deur werke kan bekom nie? Moes Jesus nie eerder gesê het: “Vertrou My” nie?

Dit is presies wat Jesus vir hom gesê het! In sy geval was dit onmoontlik om alles te verkoop en die geld vir armes te gee as hy nie algehele vertroue stel in Jesus en oorgee aan Hom nie. Die jongman se besittings was sy afgod en hy het dit regverdig deur godsdienstigheid. Die Here ken ons harte en ontbloot dit met sy opdrag wat soos 'n tweesnydende swaard sny. Jesus se opdrag aan hierdie ryk jongman was toepaslik vir die toestand van sy hart. Die Here vra nie elke ryk persoon om alles te verkoop en geld vir die armes te gee nie. Die Here het dit nie gevra van Abraham (Gen. 13:2) of Josef van Arimatea (Matt. 27:57) nie, want geld was nie hulle afgod nie.

Menslik gesproke is dit onmoontlik om gered te word, maar vir God is dit moontlik. Ons redding en verhouding met God is slegs deur die genade en wonderwerk van Jesus. Dit is 'n geskenk wat God gee aan ons wat nie meer op onself vertrou nie, maar volledig van Jesus in geloof afhanklik is.

*Sing: Psalm 84-1:1, 6
Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*